

Resensent: Dr P J van Staden

Die outeur wil met hierdie werk duidelik gewone lidmate begrip laat kry van die sentrale betekenis van die Johannes-evangelie. Na twee inleidende hoofstukke word die Evangelie in twee-en-dertig hoofstukke behandel. (Die indeling is van so 'n aard dat al die tekste ingesluit word en slegs 12:9-11 oorvleuel in twee opeenvolgende hoofstukke.)

In die eerste hoofstuk met die opskrif 'n Verhaal soos min' wys Du Rand daarop dat Johannes se getuienis oor die Seun van God se pad deur die 'wêreld' nie is soos sydisseldons wat in die wind verbydwarrel nie. As jy hoofstuk 21 neersit, weet jy: 'ek is deel van die verhaal'. Alle gebeure en karakters is daar om die vraag te beantwoord: Wie is Jesus?, met die bedoeling dat elke nuwe leser van hierdie getuienis self die vraag moet beantwoord. Daar moet op die twee vertellose in die verhaal gelet word: parallel aan die woorde en dae van Jesus loop die lyn wat vertel van die dissipels. Die vertelling oor Jesus as Gestuurde deur die Vader na die wêreld toe is die inspirasie vir die dissipels — en ander Christene — se sending na die wêreld. Jesus is gestuur om die egte liefde sigbaar te maak; van elke volging van Jesus geld: gestuur om lief te hê. In die aanloop (1:1-51) word dié leser aan Jesus voorgestel: Hy is die Woord, die Lam, die Seun van God, die Messias, die Koning van Israel, die Seun van die Mens, draer van God se heerlikheid. Die dissipels word aangewys. In die verloop (2:1-17:26) vertrek die leser saam met Jesus om van plek tot plek op die Palestynse stofpaaie te stap en in verby-

gangers se oë te lees wat Jesus vir hulle beteken. Jesus is God se hand op die swartbord! Mense sien die heerlijkheid van God waarvan hulle nog net gelees het in die Ou Testament en ander Joodse geskrifte. Hy stel ook die valse hoop op Joodse godsdienstige instellings aan die kaak. Die dissipels word toegerus vir hulle taak. In die afloop (18:1-21:15) moet Jesus die hoogste prys betaal maar sy identiteit as mens en Seun van God word juis bevestig. Sy sterwe is die hoogtepunt van sy aardse lewe. By Kopbeenkoppie raak God in sy heerlijkheid aan die mense, wat totaal verlore is. Tomas se belydenis en Petrus se herstel klink die identiteitspyker in die verhaal om. Elke karakter help ons verstaan wie Jesus van Nasaret is sodat elke leser tot 'n eie beslissing oor Jesus gedwing word.

In die tweede hoofstuk (Luister, lesers!) word die doel beskryf ten einde die lesers te bepaal. Ons moet luister na Johannes se verhaal oor Jesus met die vinger op 20:31: '... sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê. Die doel was dat mense sou glo dat Jesus die Messias is, die Seun van God'. Saam met al die karakters in die Evangelie moet elke leser die grootste besluit van sy lewe neem: wie is Jesus vir my? Om Hom opnuut raak te sien, bring mee dat elkeen homself weer herontdek. Du Rand wys dan verder op die rede van die klem op belydenis en lewenshouding aan die lesers van hierdie taamlik geslote gemeenskap, naamlik om hulle in 'n vyandige omgewing op hulle voete te hou. Na bogenoemde twee inleidende hoofstukke word die hele Evangelie behandel. Du Rand noem die eerste agtien verse 'n voorportaal wat lei na Johannes se feesmaal van een en twintig hoofstukke. In die voorportaal vind ons die program vir die fees asook die tafelplasing opgeplak. Hierdie verse is nodig om die Evangelie ordelik te lees, en die res van die verhaal help ons die eerste agtien verse verstaan. Die res van hierdie hoofstuk is 'n vers vir vers verduideliking van hierdie gelaaide gedeelte.

In die res van die publikasie word die inhoud van die Evangelie kortliks weergegee op 'n besondere wyse. Du Rand slaag daarin dat die leser deurentyd bewus bly van die sentrale lyn. Met die ontmoeting van al die karakters staan die vraag 'wie is Jesus?', die keuse van geloof/ongeloof en die twee vertellose op die voorgrond. Aan die manier waarop simboliek en ironie ook aan die orde gestel word, kan duidelik gesien word dat 'n kenner van die Evangelie aan die woord is. Sommige temas word egter so terloops aangeraak (bv die gelaaide 'begrip van onder' bl 54) dat 'n oningewyde leser, glo ek, sal voel dat die beweging net te vinnig is. Iemand wat iets soos 'n preekbundel verwyg sal beslis teleurgesteld wees. Die keuse is nou eenmaal gemaak om vinnig deur die Evangelie te beweeg.

Die feit dat sekere agtergrondgewens dele van die Evangelie duideliker maak, het beslis ook waarde. Daar is byvoorbeeld interessante verwysings na gebruike by die feeste (Paasfees bl 38, Huttefees bl 45-46, 53), die konflik met die Sinagoge en die gebed van die 'kettere' (bl 56, 58) en die feit dat 'n gekruisigde se bene gebreek is sodat die lyf en die borskas al die stremming moet dra en versmoring dus gouer kom (bl 103).

Met sy besondere skryfstyl slaag die skrywer daarin om die leser betrokke te hou, byvoorbeeld met 'n sin soos: 'n Mens kan die radeloosheid op die gesigte van die priesters en Leviete sien' (bl 13). Du Rand se beeldende taal verras, hoewel dit hier en daar darem vir my gevoel effens geforseerd voorkom. Voorbeelde van hierdie verrassende taalgebruik is onder andere by Judas na die voetwassing: Sy voete is ook gewas, maar nie sy bouse planne nie. Hy loop hartseerspore, skoon voete en al, deur Jesus se hart. ... God het sy Seun gestuur om die volle losprys te betaal sodat ook Judas se verharding in die diepste see weggegooi kan word met die bordjie: 'Visvang verbied' (bl 80). Verder maak hy melding van 'gerusstelling' wat 'n takkraaltjie van 'geloofsmoed' vorm (bl 82) en die daaglikse 'sinkplaatpad wat jou nooit uit jou geloof uit skud nie' (bl 83-84). Ook die volgende: 'Liefde is die waterval van kommunikasie tussen Vader, Seun en Gees, en hierdie water spoel oor in die leefpoel van die navolgers. ... Hoe dikwels

Boekbesprekings / Book Reviews

trap 'n mens nie op die landmyn van die eie-ek nie! Dan ontplof die selfsug en ontsier jou lewe' (bl 86). Die publikasie is baie netjies en keurig versorg met 'n aantreklike buiteblad. Die enigste drukfout wat ek raakgelees het was 'Geess' op bladsy 30.

Ek kan 'Terwille van Liefde' met vrymoedigheid aanbeveel vir enige leser wat die betekenis van die Johannes-evangelie beter wil verstaan.
